

1 Julie 2013

Skrifgedeelte: Genesis 1, 2 (OAV)

Fokusgedeelte: Genesis 2:1-3

God se rus en ons rus

"In die begin het God die hemel en die aarde geskep. En die aarde was woest en leeg" (1:1, 2). God het geskep. Hy het net 'n woord gesê en alles het uit niks tevoorskyn gekom. Sy skeppingswoord bring orde in die hemel en op aarde. Dag en nag volg mekaar reëlmatig op. So wys God dat Hy 'n God van orde is.

Na die ses dae waarin God alles volgens sy volmaakte plan geskep het, het Hy *"op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het"*. Hy rus nie omdat Hy moeg is nie, maar Hy geniet sy skeppingswerk. Hy sonder die dag af as 'n dag van rus. Hierin moes Adam en Eva Hom navolg. Hulle ontvang ses dae waarop hulle kan en moet werk. Op die sewende dag maak die Here hulle hande los om die verhouding met Hom te geniet. Op die sewende dag leer hulle Hom ken as die God wat nie van mense slawe van hulle werk maak nie. Hy wil hê dat hulle koning moet wees oor hulle werk. Hulle kan, veral in sy teenwoordigheid, volmaakte harmonie en rus vind.

Hierdie rus in die teenwoordigheid van die Here is deur Christus vir ons moontlik gemaak. Elke Sondag vertel van sy heerlike genade. Ons kan in sy teenwoordigheid rus deur sy Woord te hoor en sy liefde geniet. Hoe rus jy elke Sondag?

Sing: Psalm 92:1, 2

Ds. AP Krüger (Welkom)